MIDSTREAM COLLEGE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

NUUSBRIEF 11 | 13 AUGUSTUS 2026

SKOOLSAKE

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.

Winternag – Eugène Marais

Om een of ander rede 😊 het hierdie bekende gedig van Eugène Marais hierdie week op 'n besondere manier tot my gespreek. Die besluit van die College om leerders hierdie week nog sweetpakke te laat dra, is met groot blydskap deur die leerders ontvang. Die snerpende koue vroeër die week het hierdie besluit genoodsaak. Volgende week styg die kwik dramaties, en sal ons weer 'n oorgangsfase tussen amptelike winter- of somerdrag betree. Geen sweetpakke mag dus vanaf Maandag 17 Augustus gedra word nie.

Ons het verlede Vrydag Vrouedag by die College gevier en my wens vir man en vrou is dat die Heer se genade julle sal omvou en dat die toekoms vir julle en jul geliefdes uiters rooskleurig sal wees. Met die munisipale verkiesings begin November wil ek julle motiveer om positief te wees oor die toekoms van ons land en sy mense. Dankie ook vir die feitlik 100% leerders wat aangedui het dat hul die onderskeie kampe en Odyssey in September gaan bywoon.

Midstream College het in besonder 'n uitsonderlike week op sportgebied en in verskeie kultuursale beleef. 'n Saluut aan almal agter die skerms, ouers, leerders en onderwysers wat dit moontlik gemaak het. In die lig van Vrouedag beklemtoon ek graag ons dogters se bydrae hierin. Ons o. 18- en o. 16-meisiehokkiespanne het aan die Noordvaal-A-finaal deelgeneem. Die o. 18's verloor net een wedstryd en die o. 16's eindig derde. Ons twee junior meisiehokkiespanne vertrek reeds vandag na hul onderskeie Noordvaalfinale. Sterkte – volg in die senior spanne se voetspore! Ons meisiemuurbalspan verwerf weer eens die silwer medalje by die SA skolemuurbalfinaal in Pietermaritzburg – baie geluk.

Die kanonsaluut gaan aan ons seunsgholfspan wat vir die eerste keer in ons geskiedenis tweede in die SA Skolegholfkampioenskap by Umhlali in KZN geëindig het, met Ruben-hein Churr wat die algehele kompetisie gewen het. Ons rugbyspanne het ons eweneens trots gemaak deur drie spanne in die halfeindronde van die hoër liga te hê. Geluk en sterkte aan ons o. 14-seuns wat Saterdag na die finaal by Hoërskool Centurion deurgedring het. Gedurende hierdie bedrywige kwartaal wil ek julle almal aanmoedig om vir 'n oomblik stil te staan en julle seëninge te tel. *Soli Deo Gloria.*

ID-AANSOEKE GR. 11 & 12

Clubstream, ons skool se amptelike ondersteunersklub, het gereël dat die Departement van Binnelandse Sake ons skool op 11 September besoek om leerders met die aansoekproses vir hul amptelike Suid-Afrikaanse ID-kaarte (Smart ID) te help.

Leerders wat tans in graad 11 en 12 is en van hierdie aanbod gebruik wil maak, word uitgenooi om die Google-vorm so gou as moontlik in te vul, aangesien daar slegs 40 plekke beskikbaar is. https://forms.gle/Nh3rNe6nEH7DGN2A9

Neem kennis dat een van die ouers/voogde tydens die aansoek teenwoordig moet wees.

Besonderhede van die besoek:

- Datum: 11 September 2026
- Tyd: 09:00 tot 15:00
- Plek: Midstream College

Dokumentasie wat u kind vir die afspraak benodig:

- Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat.
- Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers se ID-dokumente. (In die geval waar 'n ouer oorlede is – 'n gesertifiseerde afskrif van die doodsertifikaat).
- Bewys van verblyf (bv. 'n munisipale rekening nie ouer as drie maande nie).
- Die nodige hofbevele of stawende dokumente indien die leerder onder voogdyskap is.
- BELANGRIK: Een van die ouers/voogde van die leerder moet met die aansoek teenwoordig wees.

Koste:
Die eerste aansoek vir leerders van 16 jaar en ouer is gratis.
Ons sal hierdie diens weer later in 2026 of vroeg in 2027 aan huidige graad 10-leerders bied.

GRAAD 9-VAKKEUSE

Ons herinner u aan die graad 9-vakkeuse-inligtingsaand op 20 Augustus om 18:30 in die saal. Vir vakinligting kan u op die volgende skakel klik: https://www.midstreamcollege.co.za/af/akademie/vakke/

OORSESE TOERE

U word herinner aan vanaand se inligtingsvergaderings in die ouditorium.

17:30 Belgiese Uitruilprogram
18:15 Opvoedkundige toer na Wallis en Engeland
19:00 Avontuurtoer na Egipte

ODYSSEY EN GRAADKAMPE

Daar heers groot opgewondenheid en afwagting rondom ons graadkampe en Odyssey wat in September plaasvind. Hierdie geleenthede vorm ’n integrale deel van ons opvoedkundige program. Die grade vertrek op 16 September na hul kampe en keer op 18 September terug. Ons vertrou dat daar gedurende hierdie kampe kosbare herinneringe gemaak sal word. Die graad 10-Odyssey is egter ’n heel ander uitdaging, en ons wens julle alle sterkte toe met die voorbereiding daarvan. Ter herinnering: Odyssey vertrek op 10 September en keer op 18 September terug. Verwys asseblief na die briewe wat reeds aan u gestuur is vir meer inligting oor hierdie geleenthede.

SKOOLVERVOERROETES

Ons is besig met ’n opname om die moontlikheid van skoolvervoerroetes in 2027 te ondersoek. Die voorgestelde roetes is:

1. Rooihuiskraal-omgewing: Oplaaipunte naby Laerskool Wierdapark, Bakenkop en Rooihuiskraal.
2. Centurion-omgewing: Oplaaipunte naby Zwartkop Uitb., Centurion Golf Estate en Highveld.
3. Kemptonpark/Benoni-omgewing: Oplaaipunte by Total Energy Glen Marais (h/v Veld-en Vleisstraat) en Engen Avonlea Motors (by die Bredell-dam).

Die moontlike roetes, tye en kostes sal later gefinaliseer en gekommunikeer word, sodra die opname afgehandel is. Voltooi asseblief die vorm indien u belangstel: https://forms.gle/vu8UR2zADimxtZYV7

NETWERKGELEENTHEID

Jy word uitgenooi na die heel eerste netwerkgeleentheid!

Hierdie is ’n oproep aan alle Midstream-alumni, entrepreneurs, professionele persone en besigheidseienaars!

Sluit by ons aan vir die bekendstelling van THE NETWORK: ‘n aand wat ontwerp is om ambisieuse mense wat in die krag van betekenisvolle verbindings glo, bymekaar te bring.

- Brei jou netwerk uit
- Bou waardevolle besigheidsverhoudings
- Deel idees en ontdek nuwe geleenthede
- Geniet gratis kwaliteit kos en wyn

Datum: Donderdag 15 Oktober 2026
Tyd: 18:00 vir 18:30
Plek: Calisto Portugese Restaurant, Midstream Estate

Ons is ook opgewonde om 'n ongelooflike gasspreker te verwelkom wat jou sal inspireer en uitdaag om groter te dink.
Klik op die skakel hier onder vir 'n voorskou
https://www.youtube.com/watch?v=quRtPq3GtCw

Sitplekke is beperk, so moenie dit misloop nie!

Klik op die skakel om te RSVP:
https://forms.gle/5ktq7NmAGWHhJxf36

Elke gas moet hul eie RSVP-skakel invul weens beperkte spasie. Slegs gaste wat RSVP sal toegang hê.

Ons kan nie wag om jou by die begin van iets besonders te verwelkom nie, want sterker verbindings bou 'n sterker gemeenskap.

Sien jou daar!

BELANGRIKE DATUMS

20 Augustus – Gr. 9-vakkeuse-oueraand
28 Augustus – Gr. 12-blokdag
29 Augustus – MC³-konsert
5 September – SpringFest
10 – 18 September – Odyssey
16 – 18 September – Graadkampe

WAARHEEN GAAN JY?
SPRINGFEST IS WAAR ALMAL GAAN WEES!
SPRINGFEST
• FRANCOIS VAN COKE
• PIESANGSKILLE
• DJ MEAZTRO
'N KAARTJIE. VOL HERINNERINGE. ZERO FOMO.
MOENIE HIERDIE MISLOOP NIE. WEES DAAR.
LEWENDIGE MUSIEK DIE HELE DAG
WATER-AKTIWITEITE
REUSE-HINDERNISBAAN
KOS & DRANKIES
STALLETJIES & MARK
KARNAVAL-RITTE & SPELETJIES
GAMING ZONE
& NOG BAIE MEER!
Spring Fest 2026
SATERDAG
5 SEPTEMBER 2026
MIDSTREAM COLLEGE
HEKKE OPEN
11:00 - 22:00
REGSTREEKSE UITSENDING
SPRINGBOKKE
VS
ALL BLACKS